# Die De Gaay Fortman-missie:

# ’n Mislukte poging tot dialoog tussen Nederland & Suid-Afrika, 1963-1965

***Otto Terblanche*** [*]

## Inleiding

Bande van verwantskap tussen Nederlanders en Afrikaners is ’n historiese realiteit. Hierdie bande figureer op verskillende vlakke, te wete herkoms, geskiedenis, taal, kultuur en godsdiens. Die belewenis van hierdie bande is nie eensydig nie, want beide die Nederlanders en Afrikaners is in hulle omgang met mekaar deeglik daarvan bewus. Nederlanders en Afrikaners het egter veral sedert die Tweede Wêreldoorlog in ’n toenemende mate geestelik van mekaar vervreemd geraak. Die Suid-Afrikaanse premier, doktor H.F. Verwoerd, se apartheidsbeleid het verdere momentum aan hierdie proses van verwydering en vervreemding verleen. Tog het beide volke steeds die behoefte aangevoel en die begeerte gekoester om met mekaar in gesprek te bly. Hierdie studie fokus op een so ’n poging tot dialoog tydens die Verwoerd-jare.

“De kritische dialoog. Dat was in de jaren ’60 de leus; … De jaren ’60 waren vol van initiatieven tot kritische dialoog”, aldus professor G.J. Schutte van die Vrije Universiteit te Amsterdam.[1] Gesprekvoering tussen twee stamverwante volke kan egter heel dikwels erg emosioneel verloop.

Die Nederlandse historikus, B.J.H. de Graaff, het in sy doktorale proefskrif pertinent melding gemaak van “de speciale haat-liefde verhouding die Nederlanders en Afrikaners met elkaar hebben”. Hy het daarop gewys dat die Afrikaans-Nederlandse stamverwantskap ’n onweerlegbare historiese en kulturele feit is, maar hy het daaraan toegevoeg: “De idee dat Nederlanders en Afrikaners elkaar op basis van deze verwantschap goedgezind (zouden moeten) zijn is echter een mythe.”[2]

---

* Doktor Otto Terblanche is ’n senior lektor in Geskiedenis aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth. Sy jongste publikasie is die gedenkboek, *Uitenhage 200, 1804-2004,* wat in 2004 verskyn het.

1. G.J. Schutte, *De Roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990* (SAI, Amsterdam, 1993), p 33.
2. B.J.H. de Graaff, *De Mythe van de Stamverwantschap. Nederland en de*

Schutte het dit baie duidelik gestel: "Met geen volk ter wereld hebben de Nederlanders zo 'n uitzonderlijke verhouding als met hun neven in zuidelijk Afrika."[3] Die komplekse verhoudinge tussen Nederlanders en Afrikaners word daarom deur Schutte getipeer met die woorde "adhesie en aversie".

Die rubriekskrywer van *Die Burger*, Dawie, was ook van mening dat die verhoudinge tussen Nederlanders en Afrikaners stormagtig kan verloop:

> Gegee die Afrikaner en die Nederlander se vermoë, gewortel in hul verwantskap, om mateloos op mekaar se senuwees te werk deur hul gemeenskaplike neiging tot koppigheid en eiegeregtigheid, plus 'n altyd wederkerende Nederlandse ambisie om die wêreld moreel reg te sien …

Dawie het dus teen "die verkeerde dialoog op die verkeerde plek, in die verkeerde omstandighede, deur die verkeerde mense" gewaarsku.[4]

Dialoog word verder gekompliseer deur die feit dat daar oor Suid-Afrika sedert 1948 'n skaduwee geval het, naamlik apartheid. In 1966 het A. Nuis, wetenskaplike medewerker, Universiteit van Amsterdam, geskryf:

> Het valt velen moeilijk te aanvaarden dat een woord dat er zo Nederlands uitziet, in alle talen, terecht, de betekenis heeft gekregen van de meest vèrgaande vorm van rassendiscriminatie die op het ogenblik in de wereld te vinden is.[5]

In Mei 1981 het die Christen-Demokratiese senator J.W. Verhulst in die Eerste Kamer van die Nederlandse parlement tot sy skaamte vasgestel "dat apartheid het meest bekende Nederlandse woord ter wereld was".[6]

Die apartheidsbeleid het Nederland wel deeglik aangegaan. In die woorde van professor Gesina H.J. van der Molen, oud-hoogleraar in die Volkenrecht aan de Vrije Universiteit te Amsterdam:

---

*Afrikaners, 1902-1930* (SAI, Amsterdam, 1993), stofomslag, pp V, 22.

3. G.J. Schutte, *Nederland en de Afrikaners. Adhesie en Aversie* (Uitgeverij T. Wever B.V., Franeker, 1986), p 7.
4. *Die Burger*, 19 Oktober 1974. Die skrywer van hierdie rubriek was die redakteur van *Die Burger*, Piet Cillié.
5. A. Nuis, *Apartheid, feiten en commentaren* (H.J. Paris, Amsterdam, 1966), p 5.
6. B.J.H. de Graaff, *Apartheid Een aanzet tot begripsbepaling* (SAI, Amsterdam, 2000), p 1.

> De voornaamste reden waarom de rassenpolitiek van Zuid-Afrika zoals die in het apartheidsbeleid tot uiting komt verwerpelijk is, is echter van principiële aard. Wat zich in Zuid-Afrika afspeelt, gaat ons als Nederlanders direct aan, omdat een ons stamverwant volk een weg bewandelt, die naar onze diepste overtuiging niet alleen verkeerd is, maar ook – of misschien juist daarom – ten verderve leidt.[7]

Schutte se gevolgtrekking is dus goed gemotiveer dat "de apartheid heeft veel kapot gemaakt, ook in de verhoudingen tussen twee 'broedervolken'". Schutte het die uiteenlopendheid van verwagtinge soos volg saamgevat: "Terwijl aan Nederlandse kant de traditie van stamverwantschapsgevoelens de aandrang tot getuigen en kritiseren stimuleerde, werd op grond van diezelfde traditie aan Zuidafrikaanse kant steun in plaats van kritiek verwacht".[8] Dit het onder meer geblyk uit die bladsyeruil in 1963 en 1964 tussen *Trouw* en die Kaapse Nasionale dagblad, *Die Burger*.

**Twee ope briewe**

ŉ Poging tot kritiese dialoog in Nederland was die ope brief wat vyftien vooraanstaande Nederlanders op 31 Oktober 1963 aan minister-president V.G.M. Marijnen gerig het. Hierdie vyftien was invloedryke persone van uiteenlopende politieke oortuigings – kamerlede, hoogleraars, ŉ joernalis, ŉ burgemeester, Anti-Revolutionaires, Rooms-Katolieke en Sosialiste. Professor W.F. de Gaay Fortman, professor C.L. Patijn en doktor J. Verkuyl was onder dié vyftien. In ŉ begeleidende nota is ŉ beroep op die Nederlandse regering gedoen om "op enigerlei wijze in direct contact [te] zou treden met de regering van Zuid-Afrika om tot een gezamenlijke bezinning op de gevolgen van de huidige situatie te komen".[9]

In die brief wat uit vyf punte bestaan het, is daarop gewys dat ŉ skending van die erkende regte van die mens in Suid-Afrika nie langer as ŉ binnelandse aangeleentheid beskou kon word nie. Vanweë die miskenning van die regte van die gekleurde bevolking van Suid-Afrika,

---

7. Nuis, *Apartheid, feiten en commentaren*, p 156.
8. Schutte, *De Roeping ten aanzien van het oude broedervolk*, pp 55-56. Kyk ook E. van den Bergh, *Het stormt in mijn hart. Nederland-Zuid-Afrika selectieve bibliografische notitie* (South African Embassy, Den Haag, 2000), p 6.
9. H.O. Terblanche, *Nederland en die Afrikaner Gesprek oor apartheid* (UPE, Port Elizabeth, 1998), p 36; S. de Boer, *Van Sharpeville tot Soweto. Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960-1977* (Sdu Uitgevers, Den Haag, 1999), p 110.

het daar "nu een uiterst explosieve situatie ontstaan". Die problematiek rondom Suid-Afrika het hiervolgens tot 'n internasionale probleem ontwikkel. Die haglike politieke situasie in Suid-Afrika kon tot "massaal bloedvergieten" lei, daarom was dit belangrik om oorleg te pleeg en "steeds weer te proberen tot een gesprek te komen …"

Volgens die brief, wat wye publisiteit in die Nederlandse dagblaaie geniet het, kon die bestaande bande van verwantskap en vriendskap tussen die volkere van Suid-Afrika en Nederland nie as 'n faktor van betekenis geïgnoreer word nie. Daarby het Nederland "als voormalig broederland meer dan enige andere natie de taak zijn invloed te doen gelden, in elk geval een ernstig waarschuwingswoord te laten horen".[10]

Die Nederlandse minister van Buitelandse Sake, J.M.A.H. Luns, het in sy reaksie hierop gemeld dat die regering graag kontak met die ondertekenaars van die brief sou opneem "over de mogelijkheden van Nederlandse contacten met Zuid-Afrika ter zake van de apartheidspolitiek". Hy was egter van mening dat "beïnvloeding door particulier initiatief" vrugbaarder sou wees as optrede op regeringsvlak. Volgens Luns het Nederland gepoog om "het geven van aanstoot zoveel mogelijk te vermijden omdat de Nederlandse regering manifestaties onjuist acht". Vanweë die sensitiewe aard van die betrekkinge het Luns weggeskram van 'n regeringsinisiatief wanneer die apartheidskwessie ter sprake gekom het: "Een initiatief, waar de naam Nederland onder zou staan, ligt al bijzonder slecht."[11]

Volgens Luns was Nederland in 'n moeilike posisie en is die land helaas deur Suid-Afrika beskou "als het land waardoor men het meest in de steek gelaten is en waarvan men het minst kan verdragen (verwachten). Er bestaat een uiterste irritatie over de Nederlandse houding. Onze houding wordt als verraad gevoeld". In die debat is veral gewys op die taak wat die kerke gehad het om kontakte met die oog op groter begrip op te bou. Wat druk op Suid-Afrika betref, het Luns daarop gewys dat Nederland nie bereid was om verder te gaan "dan een selectief wapenembargo, d.w.z. dat Zuid-Afrika geen wapens krijgt, waarmee de zwarte bevolking onderdrukt zou kunnen worden, wel wapens voor de verdediging naar buiten".[12]

---

10. *Algemeen Handelsblad*, 6 November 1963; *NRC*, 6 November 1963; *Nederlandse Post*, November 1963; *Het Parool*, 9 November 1963.
11. *Trouw*, 9 November 1963; *de Volkskrant*, 9 November 1963.
12. *Trouw*, 9 November 1963.

Die Nederlandse pers het uiteenlopend gereageer oor die moontlikheid van 'n gesprek met Suid-Afrika. *Vrij Nederland* het opgemerk dat dit lofwaardig was dat belangrike persone soos doktor J.A.H.J.S. Bruins Slot, hoofredakteur van die Protestants-Christelike dagblad, *Trouw*, en De Gaay Fortman hulle geloofsgenoot Verwoerd van sy dwaalweë wou terugbring ("met calvinisten vangt men calvinisten!") …[13]

Hierdie opmerking is besonder insiggewend omdat dit heenwys na die feit dat behalwe stamverwantskap, ook geesverwantskap met die Calvinistiese Afrikaners 'n rol gespeel het. Hierdie dubbele verwantskap het in die hele geskiedenis van die kritiese dialoog bepaald 'n rol gespeel.[14]

Die sosialis, professor Patijn, het die gedagte geopper dat "Nederland zou misschien nog een van de weinige poorten zijn waarlangs Zuid-Afrika is te benaderen, gezien de historische verwantschap, maar dan moet het contact wel lopen langs kanalen die tot ver in Zuid-Afrika doordringen, zoals de kerken en vooral de Gereformeerde Kerken". In die daaropvolgende debat is spesifiek gemeld dat "protestantse ministers op psychologische gronden – de geloofsgemeenschap – misschien beter door het gevoelige Zuid-Afrika zouden worden ontvangen".[15]

Volgens die streekskoerant, *De Gelderlander*, het die gesprek nie alleen om 'n binnelandse politieke aangeleentheid van Suid-Afrika gegaan nie, maar "het gaat om het wereldprobleem van de rassendiscriminatie …" Daarom was dit dus goed dat die stamverwante volk van Suid-Afrika "weet hoe we er hier over denken. In de kringen van vrijwel alle Nederlandse politieke partijen heerst ernstige bezorgdheid over de Zuidafrikaanse ontwikkeling …"[16]

*Het Vrije Volk* van Leeuwarden het beklemtoon dat Nederlanders en Afrikaners 'n besondere verhouding het omdat hulle mekaar kan verstaan: "Misschien maakt de bezorgdheid in Nederland daardoor meer indruk in Zuid-Afrika dan de bezorgdheid van anderen. Temeer omdat achter de bezorgdheid hier geen bijbedoelingen schuilgaan. Wij wensen het behoud en niet de ondergang van Zuid-Afrika."[17]

---

13. *Vrij Nederland*, 9 November 1963.
14. Vergelyk in die verband G. Harinck, "De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika", *Zuid-Afrika*, Maart 2006, pp 56-57; G.J. Schutte, *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005* (Uitgeverij Meinema, Zoetermeer, 2005).
15. *Het Parool*, 9 November 1963; *de Volkskrant*, 9 November 1963.
16. *De Gelderlander*, 13 November 1963.
17. *Het Vrije Volk*, 7 November 1963.

De Gaay Fortman, wat aangewys sou word as die leier van die Nederlandse afvaardiging na Suid-Afrika, het hom in November 1963 in ŉ belangwekkende artikel uitgelaat oor die problematiek rondom gesprekvoering met Suid-Afrika:

> Men schermt zich in Zuid-Afrika af, weigert aan te nemen, dat oprechte vriendschap juist mee kan brengen, dat men de ander voor een heilloze weg waarschuwt en neemt geen kennis van de inzichten in andere landen. Alles wat anders denkt dan de bovendrijvende mening in Zuid-Afrika is kwaadwillig. Ik meen, dat men zich in Zuid-Afrika vergist, wanneer men meent, dat Nederland Zuid-Afrika slecht gezind is.

De Gaay Fortman het ook die dubbele verwantskap met Suid-Afrika beklemtoon. Enersyds is daar die bande van afkoms en taal, asook bewondering vir die nasionale stryd van die Afrikaner. Andersyds is daar die religieuse verbondenheid:

> De Afrikaanse kerken zijn kerken van het patroon van de reformatie naar Calvijn. Sterker dan alle banden van afkomst en taal is de band van de drieslag van die reformatie: het geloof alleen, de genade alleen, de Schrift alleen. Ik ben overtuigd, dat wij verplicht zijn vanuit deze laatste verbondenheid als kerk met onze zusterkerken in Zuid-Afrika te praten.

Hy was oortuig daarvan dat daar ŉ katastrofe in Suid-Afrika gedreig het en dat Suid-Afrikaners besig was om die teenoorgestelde te doen van wat nodig was om dit af te weer. Daarom, "meer dan anderen zijn wij geroepen een poging te doen voor een andere weg in Zuid-Afrika begrip te wekken".[18] (Die Rivonia-verhoor het in Oktober 1963 ŉ aanvang geneem).

Die brief van vyftien vooraanstaande Nederlanders is in Desember 1963 gevolg deur ŉ verdere brief wat deur 42 Nederlanders van uiteenlopende politieke rigtings onderteken is. Dié brief, wat ook aan minister-president Marijnen gerig is, is veral onderteken deur lede en ondersteuners van die regsgesinde Nederlands Zuidafrikaanse Werkgemeenschap (NZAW). Die ondergetekendes was van oordeel dat kontak tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse regeringslede en volksverteenwoordigers van groot betekenis kon wees. Hulle het in ŉ ope beraad ŉ middel gesien "om tegen elkaar vastgelopen posities te

---

18. Historisch Documentatiecentrum voor het Nederlands Protestantisme [1800 – heden], Vrije Universiteit, Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 326. *De strijdende Kerk*, 9 November 1963.

doorbreken". 'n Beroep is op die minister-president gedoen om die inisiatief te neem "tot een zodanige vorm van overleg."[19]

**Beoogde besoek verwelkom**

Die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, H.A. Helb, het op 6 April 1964 by die viering van Van Riebeeckdag in Kaapstad 'n belangwekkende toespraak gehou. Hy het onder meer verklaar dat die Nederlanders "want to breathe new life into the 'conversation', the 'dialogue' or the 'debate' – as it may turn out to be – with South Africa on as many levels as possible of the religious, economic and cultural communities". Hy het beklemtoon dat vriendskap ondanks verskille of kritiese gedagtes moontlik was: "For us the highest form of friendship is not to make 'claims' on our friends; we try to understand them, their principles and the more human motives whereby they live. We like to find common areas of agreement, but we do not shrink from those of disagreement."[20] *Die Burger* het Helb se pleidooi verwelkom en die hoop uitgespreek dat daar "'n intensiewer en vrugbaarder tweerigtingverkeer" tussen die stamgenote sou intree.[21]

Minister Luns het teen einde April 1964 'n uiteensetting van die Nederlandse standpunt teenoor Suid-Afrika gegee. Hy het in die Tweede Kamer gesê dat dit vir Nederland moeiliker as vir feitlik enige ander land was om 'n invloed op Suid-Afrika uit te oefen, want vanweë die bande van bloedverwantskap en geskiedenis het Suid-Afrika juis van Nederland meer begrip vir en minder kritiek op die apartheidsbeleid as van ander lande verwag. Hy het weer eens beklemtoon dat daar by die Nederlandse volk ernstige besorgdheid oor die Suid-Afrikaanse rassebeleid bestaan het en dat die Nederlandse regering die apartheidsbeleid met oortuiging verwerp het: "Luns was het eens dat de processen in Zuid-Afrika een explosieve situatie oproepen, die een bedreiging kunnen teweeg brengen van de vrede op het Afrikaanse continent".[22]

Hierdie gevoel van besorgdheid is deur die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, Helb, aan die Suid-Afrikaanse regering oorgedra. Helb het vervolgens voorgestel dat 'n verteenwoordigende,

---

19. *Elseviers Weekblad*, 21 Desember 1963.
20. Argief van die Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch: P.J. Cillié-versameling, persvrystelling van toespraak. Kyk ook *Die Burger*, 7 April 1964; *Nederlandse Post*, April 1964; *NRC*, 22 April 1964.
21. Hoofartikel – "Gesprek met Stamgenote", *Die Burger*, 13 April 1964.
22. *Die Burger*, 30 April 1964; *Die Burger*, 19 Mei 1964; *Het Parool*, 30 April 1964; *de Volkskrant*, 30 April 1964.

maar nie-amptelike Nederlandse sending Suid-Afrika moes besoek om in gesprekke met toonaangewende mense in Suid-Afrika "de in Nederland heersende ongerustheid over de Zuidafrikaanse apartheidspolitiek kenbaar te maken". Hopelik kon sodanige missie iets bereik, "want op officieel niveau zijn de kansen zeer gering". Gesprek langs nie-amptelike kanale en die wek van wedersydse begrip kon, aldus Luns, 'n meer konstruktiewe bydrae lewer "tot 'n eventuele en geleidelike wysiging van insigte as 'n demonstratiewe beleid van afkeuring en die instelling van sanksies …"[23]

*de Volkskrant* het ook beklemtoon dat niks met 'n koue oorlog teen Suid-Afrika bereik kon word nie: "Er moet een gesprek tussen de volkeren op basis van begrip en een zeker vertrouwen tot stand kunnen komen. Als Zuid-Afrika dat gesprek ontloopt, blijven er voor ons maar weinig andere mogelijkheden over." Indien Suid-Afrika hom horende doof wou hou, moes hy die volle konsekwensies aanvaar, naamlik dat die apartheidsbeleid onherroeplik tot chaos sou lei.[24] Luns het in 'n latere debat in die Tweede Kamer beklemtoon dat slegs 'n klein minderheid van die Nederlandse volk die apartheidsbeleid gesteun het. Sy standpunt was steeds dat 'n groot deel van die Nederlandse volk sy eie regering in hulle sterk afwysing van apartheid gesteun het.[25]

Nederland was in die eerste helfte van 1964 wel deeglik bewus van verwikkelinge in Suid-Afrika, veral vanweë die Rivonia-verhoor. Die dagblad *Trouw* het dan ook in 'n baie prominente berig 'n verkorte weergawe van Nelson Mandela se historiese Rivonia-toespraak gepubliseer. Dit is geplaas onder die opskrif "Ik hoopte op vrijheid".[26] Interessant om daarop te wys dat 'n kopie van dié toespraak by *Trouw* se redakteur, Bruins Slot, beland het deur die toedoen van die Nederlandse ambassade in Suid-Afrika.[27]

Suid-Afrika se nuut aangestelde minister van Buitelandse Sake, doktor H. Muller, het in sy eerste beleidstoespraak in die Volksraad op 8 Junie 1964 verwys na bestaande kontak tussen homself en Luns insake die moontlikheid van 'n besoek deur 'n groep Nederlanders aan Suid-Afrika. Muller het beklemtoon dat Suid-Afrika geen inmenging in sy huishoudelike sake sou toelaat nie. Die regering was egter steeds

---

23. *Trouw*, 1 Mei 1964; *Die Burger*, 19 Mei 1964.
24. *de Volkskrant*, 23 April 1964.
25. *Die Burger*, 14 Desember 1964.
26. *Trouw*, 29 April 1964.
27. B. van Kaam, "De Paginaruil van Trouw en Die Burger", *Zuid-Afrika*, Mei 1998, p 98.

bereid om besoekers uit bevriende lande te ontvang sodat hulle hulle op hoogte van Suid-Afrika se probleme en beleid kon stel. Die regering was bereid om die Nederlandse besoekers te ontvang, "want ons kan nie aanneem dat die kritiek teen ons in Holland berus op kwaadwilligheid nie, gesien die sterk geskiedkundige bande tussen ons twee lande". Volgens Muller sou die nie-amptelike Nederlandse sending uit onpartydige persone bestaan en die doel sou wees "om ŉ beter begrip van ons en ons probleme te bekom". Muller het dus die gedagte van beter wedersydse begrip vooropgestel.[28]

*Die Burger* het in ŉ hoofartikel die beoogde Nederlandse besoek verwelkom en dit as goeie nuus bestempel, veral omdat daar in Suid-Afrika nog altyd ŉ besondere gevoel teenoor Nederland bestaan het "as stamland van wie ons baie geërf het … Ons voel ons nog steeds nader aan Nederland as aan die meeste ander lande. As daar een volk is met wie ons oor ons vraagstukke ŉ gesprek kan voer, … dan is dit die Nederlanders." Die gespreksgenote moes egter nie daarop uit wees om mekaar te "bekeer" nie; dit sou alleen tot teleurstelling en ontnugtering kon lei. *Die Burger* het dit benadruk dat wat Suid-Afrika en Nederland vir eers bo alles nodig gehad het, was dat hulle mekaar se onderskeie standpunte beter sou begryp. Die meeste Suid-Afrikaners het immers van harte begeer dat wanbegrippe aan weerskante uit die weg geruim moes word.[29] Groot verwagtinge is dus van die beoogde besoek gekoester.

Suid-Afrika se nuwe ambassadeur in Nederland, doktor J.J. Fouché, het met Luns saamgestem dat kritiese opmerkings van Nederlandse kant oor die Suid-Afrikaanse politiek in Suid-Afrika "te meer ergernis wekken, omdat er tussen beide landen zulke speciale relaties bestaan". Fouché het op ŉ persoonlike vlak verduidelik: "Wat iemand zegt, die me niet raakt, kan me niet veel schelen. Het krijgt meer betekenis – en het hindert ook meer – als er een bijzondere relatie bestaat. Ik zou het me bijvoorbeeld erg aantrekken als mijn vrouw de hele dag onaangename opmerkingen tegen me zou maken."[30]

Volgens die Afrikaans-Nasionale dagblad, *Die Transvaler*, het die stelling dat bloed dikker as water is steeds waar gebly, veral wat die verhouding tussen Afrikaners en Nederlanders betref het. Vanweë die bande van verwantskap het die Afrikaner groter begrip van die Nederlander verwag. Dít het egter met hom ook ŉ keersy meegebring,

---

28. *Debatte van die Volksraad*, 8 Junie 1964, kolomme 7637-7638.
29. *Die Burger*, 9 Junie 1964.
30. *Trouw*, 15 Desember 1964.

aldus *Die Transvaler*: "En omdat daar tans in sekere kringe in Nederland ook dikwels skerpe kritiek uitgeoefen word oor die rassebeleid van die Republiek, voel die Afrikaner dit des te dieper."[31]

Die voorgenome gesprek is ook verwelkom deur L. Lulofs, oud-Nederlander en oud-president van die Transvaalse Kamer van Nywerhede. Volgens hom was persoonlike kontak baie belangrik: "Laat hulle alles sien wat hulle wil sien, goed en minder goed, want dan sal hulle tot redelike konklusies kan kom." Nederlanders wat Suid-Afrika sonder vooroordeel en objektief kom besoek, moes noodwendig 'n beter indruk van die land kry. Deur self te kom sien, sou die Nederlanders 'n beter begrip van die probleme van 'n veelrassige samelewing kry.[32]

Die feit dat Nederland Suid-Afrika nie inherent kwaadgesind was nie, het uit 'n toespraak van Eerste Kamerlid, doktor W.P. Berghuis geblyk. Daarin het hy verklaar "men is zich zeer wel bewust van bloed- en geloofsverwantschap met het blanke deel van Zuid-Afrika". Ná die opmerking het hy hom egter sterk uitgespreek teen die onaanvaarbare aspekte van die apartheidsbeleid. Volgens hierdie Anti-Revolutionaire woordvoerder het 'n mens se hele Christelike oortuiging daarteen in opstand gekom. Juis daarom wou Nederlanders in alle openheid dergelike probleme met Suid-Afrikaners bespreek en sodoende 'n beter begrip van die probleme kry.

Nederland en Suid-Afrika het vanweë die religieuse en bloedverwantskap 'n verpligting jeens mekaar gehad. "Wij zouden willen, dat men daar naar ons als vrienden zou willen luisteren en dat zij ons als vrienden hun problemen en moeilijkheden kunnen duidelijk maken … Zij (Nederland en Zuid-Afrika) zullen elkaar over en weer daarin moeten vertrouwen en gaan vertrouwen, als het vertrouwen voor een deel niet meer aanwezig is", aldus doktor Berghuis.[33]

**Samestelling van die afvaardiging**

Die beplande Nederlandse afvaardiging sou uit die volgende vyf lede bestaan: professor W.F. de Gaay Fortman (Anti-Revolutionaire Partij), doktor M.A.M. Klompé (Katholieke Volkspartij), professor C.L. Patijn (Partij van de Arbeid), Th. Joekes (Volkspartij voor Vrijheid en

---

31. *Die Transvaler*, 10 Junie 1964.
32. *Die Transvaler*, 20 Julie 1964.
33. "Gesprek tussen Nederland en Zuid-Afrika", *Zuid-Afrika*, Julie-Augustus 1964, pp 97-98; *Trouw*, 5 Augustus 1964.

Democratie) en C.A. Bos (Christelijk-Historische Unie). Die lede het die vyf grootste Nederlandse politieke partye verteenwoordig. De Gaay Fortman, die leier van die afvaardiging, was 'n lid van die Eerste Kamer en die ander vier was lede van die Tweede Kamer.[34] De Gaay Fortman, Patijn en Joekes was onder die vyftien vooraanstaande Nederlanders wat op 31 Oktober 1963 die ope brief aan die minister-president geskryf het. Volgens 'n berig in die *Elseviers Weekblad* het Klompé, Patijn, Joekes en Bos ook 'n petisie van J. Voogd onderteken en hulle daarmee aan die kant van die Comité Zuid-Afrika van dominee J.J. Buskes geskaar. In die petisie het hulle hulle sterk teen apartheid uitgespreek.[35]

In die lig van die tema is dit nodig om bykomende biografiese besonderhede oor De Gaay Fortman en Klompé te verskaf.

W.F. de Gaay Fortman se oupa was één van die luitenante van doktor Abraham Kuyper ten tyde van die Doleantie en die vorming van die Gereformeerde Kerken. Dominee N.A. de Gaay Fortman, Gereformeerde predikant in Amsterdam, 1886-1922, het vir beide H.F. Verwoerd, die latere Suid-Afrikaanse premier, en W.F. de Gaay Fortman gedoop, hoewel nie by dieselfde geleentheid nie. Laasgenoemde het 'n lewenslange band met die Vrije Universiteit (VU) te Amsterdam gehad, as student en sedert 1947 as hoogleraar in Privaatreg, Arbeidsreg en Handelsreg. De Gaay Fortman was ook *rector magnificus* van die VU. Hy was een van die belangrikste na-oorlogse politieke leiers in Nederland. Hy was die voorsitter van die Eerste Kamer-fractie van die Anti-Revolutionaire Partij (ARP) en ook minister van Binnelandse Sake in die Den Uyl-kabinet (1973-1977). Voorts het hy opgetree as voorsitter van die Commissie van Advies en Coördinatie, wat belas was met die uitvoering van die Kultuurverdrag met Suid-Afrika. De Gaay Fortman was jare lank lid van die NZAV en na sy dood is hy bestempel as "een ware vriend van Zuid-Afrika".[36]

Marga Klompé was 'n kampvegter vir vroueregte en die eerste Nederlandse vroulike minister in die geskiedenis. Sy was minister van Maatschappelijk Werk (1956-1963) en minister van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk (1967-1971). Klompé was meedoënloos in haar kritiek op apartheid en het in die 1960's die rassebeleid van Suid-Afrika

---

34. *Haagse Post*, 19 September 1964.
35. *Elseviers Weekblad*, 3 Oktober 1964.
36. W. Breedveld en J.J. van Galen, *Gaius. De onverstoorbare gang van W.F. de Gaay Fortman* (Uitgeverij Scheffers, Utrecht, 1996); "Mr. W.F. de Gaay Fortman", *Zuid-Afrika*, April 1997, p 64; *Rand Daily Mail*, 13 March 1965.

as ŉ gevaar vir wêreldvrede beskou. Sy het die situasie as plofbaar geag en ernstige gevolge vir die res van die kontinent voorsien. ŉ Visum om Suid-Afrika te besoek is in 1972 aan haar geweier.[37]

Die afvaardiging sou oorspronklik op 17 September 1964 op ŉ oriënteringsbesoek van drie weke na Suid-Afrika vertrek, "lang genoeg om vrij veel te zien en met vrij veel mensen te spreken …" Die lede wou met so ŉ breë laag van die bevolking as moontlik in kontak kom – lede van die senaat en volksraad, van die regering, van die universiteite, maar ook van die ekumeniese, nie-rassige Christelike Instituut van Beyers Naudé. Besoeke aan Bantoe-tuislande, soos Transkei, was ook op die program. Die Nederlandse parlementariërs was wel uitgesproke in hulle opvattings, maar wou met ŉ oop gemoed kom luister en gedagtes wissel. Natuurlik wou hulle ook "daar (in Zuid-Afrika) besprekingen ... voeren over de in Nederland levende opvattingen over de apartheidspolitiek".[38]

In Augustus 1964 het oorsese persberigte verskyn waarin die Suid-Afrikaanse regering beswaar gemaak het teen die samestelling van die Nederlandse sending, en veral teen die insluiting van party mense "wat bekend staan vir hul radikale verset teen apartheid". Volgens die *Haagse Post* was doktor Muller baie teleurgesteld toe hy die samestelling van die afvaardiging verneem het: "… allen waren politiek gecompromitteerd; waarom zaten er geen voorstanders van de apartheid in?" Muller het na bewering gesê dat die lede almal gekant teen die binnelandse beleid van Suid-Afrika was – "hoe kunnen we dan nog praten?"[39]

Die *Elseviers Weekblad* het ook in ŉ berig gemeld dat De Gaay Fortman met die samestelling van die groep alleen lede genader het "die zich eerder reeds zeer kritisch en in afkeurende zin over het beleid van premier Verwoerd hadden uitgelaten …" Doktorandus F.A. Hoogendijk, skrywer van die artikel, het gemeld dat dit ŉ fundamentele fout van De Gaay Fortman was om alleen teenstanders van die apartheidsbeleid by die afvaardiging in te sluit. Hy het die hoop gekoester dat die afvaardiging uitgebrei sou word om ook persone in te sluit wat objektiewer ten opsigte van Suid-Afrika gestaan het: "Want de huidige samenstelling van de commissie is de werkelijke barrière."[40]

---

37. I. Jungschleger en C. Bierlaagh, *Marga Klompé. Een gedreven politica haar tijd vooruit* (Veen Uitgevers, Utrecht & Antwerpen, 1990).
38. *Haagse Post*, 19 September 1964; *Het Parool*, 6 Augustus 1964.
39. *Die Burger*, 12 Augustus 1964; *Die Burger*, 14 Augustus 1964; *Trouw*, 5 Augustus 1964; *Het Parool*, 6 Augustus 1964; *Haagse Post*, 19 September 1964.
40. *Elseviers Weekblad*, 3 Oktober 1964.

Dit is interessant dat die linkse dagblad *Trouw* ook genoem het dat dit ŉ dwase gedagte van Nederland was om "een team van tegenstanders te zenden". Die Nederlandse afvaardiging behoort uitgebrei te kon word om ook lede in te sluit wat meer onbevange en met minder sterk vooropgesette menings was. "Een bredere samenstelling" sou ook die openbare mening in Nederland jeens Suid-Afrika meer getrou weergee.[41] Dominee G.J.H. Gijmink, Hervormde predikant van Rotterdam en voorsitter van die NZAW, het in ŉ brief aan De Gaay Fortman gemeld dat die missielede "… tamelijk veroordelend is ingesteld" en dat hulle oogmerk klaarblyklik was om die Suid-Afrikaanse regering te kom vertel "hoe fout men het daar doet". Vir Suid-Afrika was dit dus sielkundig onmoontlik en polities onaanvaarbaar om só ŉ afvaardiging te aanvaar.[42]

Piet Cillié, hoofredakteur van *Die Burger*, was ŉ groot voorstander van ŉ oop gesprek tussen Suid-Afrika en Nederland, maar hy het ŉ vraagteken agter die wenslikheid van die missiegedagte geplaas. Hy het meer gevare as geleenthede daarin gesien. Omdat die groep saamgestel is uit vyf parlementslede uit die vyf vernaamste parlementêre partye, was hulle dus nie polities onverbonde nie: "As politici sou hul bevindinge uiteraard gekondisioneer word deur hul vooropgesette individuele of partystandpunte." Volgens Cillié het belangrike deurbrake in denke en gevoel selde van die kant van politici gekom, "allermins wanneer hulle in ŉ groep optree wat getrek is uit mededingende partye wat mekaar fyn dophou". Die groep was ook ver van onbevange, veral in die lig van die sienswyses wat sommige van hulle reeds oor Suid-Afrika se verhoudingspolitiek gelug het, aldus Cillié.

ŉ Verdere probleem was dat die missie in Suid-Afrika, en miskien ook in Nederland, in ŉ hoë mate as verteenwoordigend beskou sou word. Hulle bevindinge sou dus ŉ gesag dra "wat dempend kan werk op die strewe op amptelike sowel as partikuliere vlak om insigte en gesindhede te verbeter". Volgens Cillié was daar ŉ behoefte aan meer amptelike en/of partikuliere kontakte: "Maar die groep van prof. De Gaay Fortman val in geeneen van hierdie kategorieë nie. Dit is vis nog vlees …"[43]

Helb het op 22 Augustus 1964 ŉ insiggewende berig aan Luns gestuur. Hy het gemeld dat hy vanaf die aanvang van sy gesprekke met doktor Muller die indruk gekry het dat Muller niks wou of kon doen

---

41. *Trouw*, 17 September 1964.
42. Die brief was gedateer 10 September 1964. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 324.
43. Hoofartikel – "ŉ Nederlandse Missie", *Die Burger*, 3 Desember 1964.

sonder voorafgaande toestemming van premier Verwoerd nie: "Alle Zuidafrikaanse reacties stamden mijns inziens ook van de hand 'van de meester'."[44]

Helb het hom in 'n verdere amptelike nota uitgelaat oor die probleme rondom die missie: "Ik zie in dit alles de hand van dr. Verwoerd …" Faktore wat volgens Helb hierin 'n rol gespeel het, was onder meer die Rivonia-verhoor. Mandela en sy mede-beskuldigdes is naamlik op 12 Junie 1964 tot lewenslange gevangenskap gevonnis. Die hele Suid-Afrika is ook diep geskok deur 'n bomontploffing op Johannesburg se stasie op 24 Julie 1964. Dit was destyds een van die eerste en skokkendste sabotasiedade in die geskiedenis van Suid-Afrika. Helb het in dié verband gewys op "een zekere verharding van de Zuid-Afrikaanse publieke opinie".[45]

**Probleme en die afstel van die beplande missie**

Teen die middel van September 1964 is aangekondig dat die Nederlandse besoek uitgestel is.[46] 'n Verdere struikelblok wat tot die uitstel en die uiteindelike afstel van die besoek sou lei, was die beperkte bewegingsvryheid wat die sending in Suid-Afrika sou geniet. Die *Haagse Post* het daarop gesinspeel dat die groep alleen "verantwoordelijke personen" en "wettelijk toegestane organisaties" kon spreek. In daardie stadium was die ANC en PAC verbode organisasies. Die president van die ANC, Albert Luthuli (1952-1967), was toe kragtens 'n hofbevel tot die distrik van Groutville aan die Natalse noordkus ingeperk. Die Nobel-Vredesprys is in 1961 in Oslo aan Luthuli oorhandig.[47] Die Nederlandse sending het besoeke aan Luthuli en enkele ander "randfiguren" as noodsaaklik geag. Om die Suid-Afrikaanse owerheid tegemoet te kom, was die Nederlanders bereid om geen publisiteit aan so 'n besoek te verleen nie, "behalve maanden later in een openbaar rapport over het hele bezoek".[48]

---

44. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 324.
45. Die berig was gedateer 14 Augustus 1964. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 326; De Boer, *Van Sharpeville tot Soweto*, p 114.
46. *Die Burger*, 15 September 1964.
47. "Luthuli verder beperkt", *Zuid-Afrika*, Junie 1964, p 84; Solidarity Committee of the German Democratic Republic (GDR), *Luthuli Speaks. Statements and Addresses by Chief Albert J. Luthuli, President-General of the ANC* (Solidarity Committee of the GDR in co-operation with United Nations Centre Against Apartheid, s.l., 1982).
48. *Haagse Post*, 19 September 1964.

Hoogendijk het in die *Elseviers Weekblad* beweer dat die suggestie om Luthuli te spreek van ambassadeur Helb uitgegaan het: "Het CHU-Kamerlid Bos heeft zich hierin vastgebeten. Voor hem valt of staat het bezoek aan Zuid-Afrika met hul al dan niet spreken van Loethoeli."[49] Premier Verwoerd het die kabinet op 21 Augustus 1964 persoonlik meegedeel dat hy die versoek om Luthuli te spreek, nie toegestaan het nie: "As hulle daarom nie wil kom nie, kan hulle wegbly."[50]

*de Volkskrant* het dit in sy kommentaar sterk beklemtoon dat ŉ Nederlandse sending "volkomen vrij moet zijn om in Zuid-Afrika te gaan waar zij wil en te praten met wie zij wil. Hierbij enigerlei beperking aanvaarden zou betekenen, dat Nederlanders zich onderwerpen aan de normen, die uit de hier verafschuwde apartheidspolitiek voortvloeien." In so ŉ geval moes die afvaardiging liewers tuisbly.[51]

*Het Parool* het in ŉ hoofartikel benadruk dat die reis weinig sin sou hê "wanneer het de Nederlandse bezoekers in hun kennisneming van feiten en omstandigheden aan bewegingsvrijheid zou ontbreken". Die afvaardiging moes bowenal die geleentheid hê "een verwant volk iets te doen voelen van de hier levende overtuiging, dat het zich moreel en politiek bevindt op een weg, waarvan het eindpunt onherroepelijk de ondergang moet zijn juist van datgene, wat men door de apartheidspolitiek zegt te willen behouden".[52]

Doktor Muller het aan die einde van November 1964 ŉ kort ampsbesoek aan Nederland gebring. Hy het onder meer gesprek met Luns en De Gaay Fortman gevoer. In ŉ onderhoud met *Die Burger* het De Gaay Fortman oor ŉ voorgenome besoek aan Luthuli die indruk geskep dat hy self eerder ŉ besoek wou bring aan die Turfloop-Universiteitskollege en aan Transkei, en dat ŉ lid van die sending net ŉ draai by Luthuli wou maak wanneer hulle in Natal was. Volgens hom het die lede van die groep wel menings oor Suid-Afrika se beleid gehad, maar was hulle bereid om oortuig te word: "Dit was nooit die bedoeling om eenvoudig aan Suid-Afrika te gaan sê dat hy verkeerd is nie. Ons wil graag hoor wat u te sê het en van ons kant sou ons wou verduidelik waarom die gevoel in Nederland oor hierdie sake is soos dit is … Wat my gehinder het, is dat Nederland wel teen Suid-Afrika gepraat en gestem het, maar nooit die moeite gedoen het om sy optrede te verduidelik nie."

---

49. *Elseviers Weekblad*, 3 Oktober 1964.
50. De Boer, *Van Sharpeville tot Soweto*, p 114.
51. "Vrijheid", *de Volkskrant*, 19 September 1964.
52. "Reis naar Zuid-Afrika", *Het Parool*, 19 September 1964.

De Gaay Fortman het verder gemeld dat hy die Verwoerd-bewind as ŉ groot verbetering op die regering van net ná 1948 beskou het. In die berig het die interessante feit ook ter sprake gekom dat beide De Gaay Fortman en Verwoerd deur De Gaay Fortman se oupa, dominee N.A. de Gaay Fortman, in Amsterdam gedoop is.[53]

In ŉ verslag van sy gesprek met Muller het Luns weer eens die Nederlandse prinsipiële afwysing van die apartheidsbeleid beklemtoon. Luns het egter ook opgemerk "dat de Nederlandse Regering de Zuid-Afrikaanse Regering niet wenst te vertellen op welke wijze deze haar beleid moet voeren".[54]

Ambassadeur Helb het in ŉ insiggewende brief aan Patijn opnuut gewys op die feit dat Suid-Afrika oorgevoelig vir kritiek uit Nederland was. Hy het egter toegegee dat die kritiek dikwels ongenuanseerd was. Volgens hom was doktor Verwoerd van die begin af nie ingenome met die idee van ŉ Nederlandse missie nie. Dit het mettertyd duidelik geword "dat Dr. Verwoerd naar een stok zocht om de Hollandse keeshond te slaan en die heeft hij nu in Luthuli gevonden". Helb het verder geglo dat indien die besoek afgestel sou word, die Suid-Afrikaanse regering die Luthuli-kwessie op die agtergrond sou skuif. Die regering sou daarenteen die nadruk lê "op de 'vooringenomenheid' van jullie groep". Helb was van mening dat wat Luthuli betref, "zal ik wel als de kwaaie pier worden beschouwd".[55]

Die Nederlandse missie se voorgenome besoek aan Suid-Afrika is op 11 Februarie 1965 afgestel. De Gaay Fortman het as rede die feit dat die Suid-Afrikaanse regering nie wou instem dat die Nederlanders met Luthuli praat nie, aangegee. Hy het gesê die lede glo dat hulle weens die weiering geen objektiewe oordeel oor die apartheidsbeleid en die verhoudinge in Suid-Afrika sou kon vorm nie.[56]

De Gaay Fortman het in ŉ memorandum gemeld dat dit gewens was "dat het geluid, dat deze groep in Zuid-Afrika wilde laten horen, daar gehoord wordt". In dié verband het hy, soos Piet Cillié, meer kontakte op

53. *Die Burger*, 2 Desember 1964.
54. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 324, Memorandum van S.J. Baron van Tuyll van Serooskerken, Ministerie van Buitenlandse Zaken.
55. Die brief was gedateer 23 November 1964. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 324.
56. *Die Burger*, 12 Februarie 1965; *de Volkskrant*, 11 Februarie 1965.

partikuliere vlak bepleit. Die oogmerk van so ŉ besoek moes steeds wees "vertolking van het Nederlandse standpunt met betrekking tot de apartheid en impliciet daardoor het verlenen van een zekere steun aan die groepen in Zuid-Afrika, die zoeken naar de vormgeving voor een nieuw beleid". Met die tweede deel van die oogmerk, het De Gaay Fortman beslis ŉ nuwe aksent gelê.[57]

Die Nederlandse pers het oor die algemeen krities gereageer oor die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regering die hele saak hanteer het. Die Suid-Afrikaanse regering het duidelik laat blyk "dat de apartheid geen objectief onderzoek gedoogt", aldus *Het Nieuwe Dagblad*. Volgens *De Gelderlander-Pers* het die Suid-Afrikaanse regering "een belangrijke kans gemist. Zowel om haar eigen apartheidspolitiek nader te verduidelijken als om een opening naar de rest van de wereld te houden. Zij blijft nu helemaal apart staan." Die *Nijmeegs Dagblad* het daarop gewys hoe moeilik dit was om groter wedersydse begrip tussen die twee lande te kweek, want "men praatte langs elkaar heen," en daarby het dit geblyk dat ŉ gemeenskaplike uitgangspunt ontbreek het.[58]

*Trouw* het in ŉ hoofartikel onder die opskrif, "Gemiste kans", die belangrikheid beklemtoon van gesprekke oor die Suid-Afrikaanse politiek, veral om "dreigende isolement te voorkomen of te doorbreken …" Die Suid-Afrikaanse regering het die indruk gewek dat hy nie sy eie standpunt wou toets aan "de opvatting van welgezinde 'andersdenkenden' … als het wèl zo is zou het triest zijn".[59] Die *Algemeen Dagblad* het gemeld dat die Suid-Afrikaanse regering die indruk gewek het "dat zij uit angst voor een kritisch geluid een contact tussen de missie en Loethoeli niet begeerde". Selfs die "engelengeduld" van die Nederlandse missie kon nie die situasie red nie. Blykbaar het die Suid-Afrikaanse regering nie besef "hoe zij zich in het eigen vlees snijdt door deze mogelijkheid van een objectieve beoordeling en verslaggeving vanuit Nederland in de grond te boren. En dan de Nederlanders maar verwijten, dat zij de toestand in Zuid-Afrika niet kennen en niet begrijpen …," aldus *Het Vrije Volk*.[60]

*Het Parool* was van mening dat die voorwaardes waaraan die sending hulle moes onderwerp, die hele doel van die besoek, naamlik "het

---

57. Archief van professor W.F. de Gaay Fortman, Amsterdam: 338, Map 324, Konsep-memorandum aan minister Luns, geen datum.
58. *Het Nieuwe Dagblad*, 11 Februarie 1965; *De Gelderlander-Pers*, 12 Februarie 1965; *Nijmeegs Dagblad*, 12 Februarie 1965.
59. *Trouw*, 12 Februarie 1965.
60. *Algemeen Dagblad*, 12 Februarie 1965; *Het Vrije Volk*, 13 Februarie 1965.

open gesprek over de apartheid," oorbodig gemaak het. In wese het dit om die kwessie van bewegingsvryheid gegaan. Die missie moes in staat gestel word om in vryheid alle gegewens te versamel om 'n regverdige oordeel te vel. Dit het ook ontmoetings met 'n aantal nie-blankes ingesluit. Die kernprobleem het daarin gelê dat die Suid-Afrikaanse regering nie bereid was om 'n gesprek te voer "over het racistisch beginsel van de apartheid" nie.[61]

**Verwoerd se Hollandse afkoms**

Doktor H.F. Verwoerd, Eerste Minister van Suid-Afrika (1958-1966), is op 8 September 1901 in Amsterdam gebore. Klein Hendrik was 'n seuntjie van iets meer as twee jaar en twee maande oud met die Verwoerd-gesin se emigrasie na Suid-Afrika.[62] Verwoerd was in later jare in Nederland 'n omstrede figuur, veral omdat hy gesien is as die versinnebeelding van apartheid. *Trouw* het selfs met sy dood 'n prominente berig geplaas onder die opskrif: "Hollandse jongen vond apartheidspolitiek uit".[63] Volgens *de Volkskrant* het Verwoerd apartheid "tot bijna een religie verhief …" en het hy sy beleid met "oudtestamentische taaiheid en toewijding uitgevoerd … Met de kortzichtigheid van een religieus bekrompene beschouwde de Zuidafrikaanse premier zichzelf als Gods werktuig …"[64]

By *Het Parool* was daar geen twyfel nie: "Verwoerd isoleerde Zuid-Afrika", en sy beleid kon slegs "in een catastrofe voor blank en zwart eindigen".[65] H. Buis het in sy doctorale skripsie doktor Verwoerd vir die feit dat die voorgenome besoek van die Nederlandse missie afgestel is, blameer. Hy het dan ook spesifiek melding gemaak van Verwoerd se "halsstarrigheid" en dat Suid-Afrika deur sy toedoen "steeds verder in een internationaal isolement terecht kwam".[66]

---

61. Hoofartikel – "Verijdeld bezoek", *Het Parool*, 13 Februarie 1965.
62. H.O. Terblanche, "Dr. H.F. Verwoerd se Hollandse afkoms: sy Achilleshiel?", *Historia*, 46, 1, Mei 2001, pp 219-220.
63. *Trouw*, 7 September 1966.
64. *de Volkskrant*, 7 September 1966.
65. *Het Parool*, 7 September 1966.
66. H. Buis, "Verre Vrienden. Het Nederlands Buitenlands beleid ten aanzien van Zuid-Afrika in de periode 1945-1973, Een Overzicht." Doctoraalscriptie, Universiteit van Amsterdam, 1991, pp 60-62, 72.

Daar is oorgenoeg getuienis dat Verwoerd se Hollandse afkoms sy Achilleshiel was en dat hy oorgevoelig vir Nederlandse kritiek was.[67] Piet Cillié het teen die einde van 1964 ŉ openhartige gesprek oor die De Gaay Fortman-missie met die Nederlandse konsul-generaal in Kaapstad, D. van Eysinga, gevoer. Cillié het onder meer genoem dat ŉ mens nog altyd rekening moes hou met die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is "en dat daarom een Nederlandse missie voor de Zuidafrikaanse Minister-President, die op dit punt uiterst gevoelig schijnt te zijn, moeilijker te hanteren was dan een missie van welk ander land ook".[68]

Helb het met Cillié saamgestem dat die feit dat Verwoerd "als een 'bloody Hollander' geboren is", die saak sou kompliseer. Verwoerd was by wyse van spreke "de laatste persoon om concessies te maken ten aanzien van verzoeken uit Nederland, nog afgezien van het feit dat concessies in de conceptie van deze 'hoofdige Boer' al moeilijk passen".[69] Die *Rand Daily Mail* het in ŉ berig ook gemeld dat Verwoerd gekant was teen die missie, want "he feels himself vulnerable because he is a Dutchman by origin".[70]

Cillié het tydens ŉ maandlange besoek aan Nederland van 12 September tot 10 Oktober 1964, gesprekke met al die aangewese lede van die missie gevoer. Die gedenkwaardigste was dié met doktor Marga Klompé, wat nog die mening toegedaan was dat die Nederlanders sedemeesters vir die wêreld kon speel. Sy het Cillié behoorlik toegespreek.

Aan die begin van hulle grootliks eensydige gesprek, het Klompé ŉ knipsel te voorskyn gehaal van ŉ toespraak wat doktor Verwoerd op 16 September 1964 gehou het en waarin hy ŉ waarskuwing tot die mense van Nederland en Japan gerig het dat Suid-Afrika nie sou toelaat dat hulle hulle weens hulle besondere betrekkinge met die Republiek, met die land se huishoudelike sake inmeng nie:

---

67. H.O. Terblanche, "Dr. H.F. Verwoerd se Hollandse afkoms", pp 213-246; H.O. Terblanche, "Dr. H.F. Verwoerd se Nederlandse afstamming: persepsies en realiteit", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 27, 1, April 2002, pp 48-68.
68. Archief van Ministerie van Buitenlandse Zaken, Den Haag: AMB, Pretoria, Map 1534, Posttelegram van Consul-Generaal, Kaapstad, aan Nederlandse Ambassadeur, Pretoria, 5 November 1964.
69. Archief van Ministerie van Buitenlandse Zaken, Den Haag: AMB, Pretoria, Map 1534, Brief van H.A. Helb aan Nederlandse minister van Buitenlandse Zaken, 11 November 1964.
70. *Rand Daily Mail*, 13 March 1965.

> Onlangs is berig dat mense in Nederland en Japan gesê het hulle sal probeer om Suid-Afrika se beleid te verander. Suid-Afrika sal egter nie toelaat dat die verwantskap met Nederland of die goeie ekonomiese en ander betrekkinge wat ons met Japan onderhou, aanleiding gee tot inmenging in ons sake nie.[71]

Hierop was Cillié se reaksie: "Om die Japannese en die Nederlanders feitlik in een asem so saam te koppel, ná wat Japan in die Tweede Wêreldoorlog die Nederlandse ryk in die Ooste aangedoen het, was een van die ongelooflike *faux pas* wat ŉ wederkerende kenmerk was van ons buitelandse verhoudinge in daardie jare. Komende van ŉ Nederlands-gebore eerste minister het die impak nog vererger."[72]

Klompé het die berig aan Cillié voorgelees en toe aan hom gesê dat as Verwoerd tydens hulle verblyf in die land so iets sou sê, hulle dan direk sou oppak en terugkeer Nederland toe. Nadat Cillié met die ander lede van die missie kennis gemaak het, was sy oortuiging dat "as Marga sou sê hulle moet hul besoek beëindig as ŉ volslae mislukking, dan sou hulle haar leiding maar aanvaar en opgepak het. Só ŉ gedetermineerde vrou was na my mening nie te opponeer deur die soort manne wat die res van die missie sou uitmaak nie."

In ŉ later gesprek met senior amptenare van die Ministerie van Buitenlandse Zaken in Den Haag het Cillié hulle aangeraai om die missie-plan tot elke prys te saboteer as hulle draaglike betrekkinge met Suid-Afrika in stand wou hou. Hulle het gevra waarom. Cillié se antwoord was: "Ek het gesê hulle ken hulle Marga, en ek het nou ook met haar kennis gemaak. Maar hulle ken nie vir dr. Verwoerd nie. Ek ken nou albei. ŉ Ontmoeting tussen dié twee is ŉ volmaakte resep vir ŉ politieke atoomontploffing. Hulle wou weer weet waarom? Ek het gesê: 'Omdat hul temperamente so éénders is!'"[73]

Doktor L.A.M. Lichtveld van Nederland het in Desember 1965 op ŉ vergadering van die VN se spesiale politieke komitee die volgende veelseggende opmerking gemaak: "Dit is vir Nederland pynlik om te besef dat apartheid toegepas word deur mense wie se ontstaan gedeeltelik deur die eeue heen na Nederland herleibaar is. Ons stel ons oortuiginge bokant alle bande van verwantskap."[74]

---

71. *Die Burger*, 17 September 1964; *de Volkskrant*, 19 September 1964.
72. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25 Mei 1994.
73. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25 Mei 1994; Dawie, *Die Burger*, 19 Oktober 1974.
74. *Die Burger*, 8 Desember 1965.

Die sestigerjare het in die teken gestaan van 'n kritiese dialoog tussen verwante volke. Tog sou die debat tussen Nederland en Suid-Afrika in die jare sestig nie werklik ontwikkel tot 'n ware oop dialoog nie. Solank as wat die skaduwee van apartheid oor hierdie debat gehang het, sou dit maar slegs 'n skyngesprek bly. Die mislukte De Gaay Fortman-missie moet teen hierdie agtergrond beskou word.

Uit hierdie studie blyk dit duidelik dat 'n ware oop gesprek in die sestigerjare nie werklik moontlik tussen Nederlanders en Afrikaners was nie. Die twee stamverwante volke se vertrekpunte was naamlik uiteenlopend van aard. Wat Suid-Afrika betref, was die oogmerk van so 'n gesprek die bevordering van wedersydse begrip, terwyl Nederland weer sy besorgdheid oor die apartheidsbeleid aan Suid-Afrika wou oordra. As gevolg van hierdie uiteenlopende verwagtinge het die twee stamverwante volke by mekaar verbygepraat. Omdat hulle nie op dieselfde golflengte ingestel was nie, was dit 'n gesprek tussen dowes, waar die een party nie werklik begryp of deurgrond het wat die ander wou oordra nie.

## Opsomming

Nederlanders het hulle steeds vanweë bande van stamverwantskap en geesverwantskap emosioneel betrokke by gebeurtenisse in Suid-Afrika gevoel. Sedert die Sharpeville-gebeure in 1960, het daar by vele Nederlanders die besef posgevat dat Suid-Afrika gewaarsku moes word dat die land hom polities op 'n verkeerde pad bevind het. Die jare sestig van die twintigste eeu is gekenmerk deur vele inisiatiewe tot kritiese dialoog. Een van dié inisiatiewe was die De Gaay Fortman-missie, 'n nie-amptelike parlementêre Nederlandse sending wat Suid-Afrika in 1964 sou besoek. Die missie se besoek is vanweë drie redes gekelder. Die Suid-Afrikaanse regering het naamlik teen die samestelling van die Nederlandse sending beswaar gemaak, want vier van die vyf missielede was uitgesproke teenstanders van apartheid. Daarby het die Nederlanders aangedring op 'n ontmoeting met Albert Luthuli, die destyds ingeperkte ANC-president. So 'n ontmoeting was vir die Suid-Afrikaanse regering totaal onaanvaarbaar. Die feit dat die Eerste Minister, doktor H.F. Verwoerd, in Nederland gebore is, het hom ook oorgevoelig vir enige kritiek vanuit 'n Nederlandse oord gemaak.

**Abstract**

**The De Gaay Fortman mission:
A failed effort to dialogue between the Netherlands & South Africa, 1963-1965**

The Dutch felt themselves emotionally involved in South African events because of ties of kinship. Since the Sharpeville incident in 1960, many Dutchmen felt that South Africa should be cautioned that the apartheid policy could only lead to more bloodshed. The nineteen-sixties were characterised by many initiatives to critical dialogue. One of these initiatives was the planned De Gaay Fortman mission, a non-official parliamentary Dutch delegation due to visit South Africa in 1964. The Dutch visit was cancelled mainly for three reasons. The South African government namely objected to the composition of the Dutch delegation, as four of the five members were outspoken critics of the apartheid policy. The Dutch members also insisted on meeting Albert Luthuli, the then restricted ANC President. Such a meeting was totally unacceptable to the South African government. In addition, the fact that the South African Prime Minister, Doctor H.F. Verwoerd, was born in the Netherlands, made him vulnerable and very sensitive to any criticism from the Netherlands.

**Sleutelwoorde**

Albert Luthuli; apartheid; H.F. Verwoerd; kritiese dialoog; Nederland/ Suid-Afrika; Piet Cillié; stamverwantskap; W.F. de Gaay Fortman.

**Key words**

Albert Luthuli; apartheid; critical dialogue; H.F. Verwoerd; Netherlands/ South Africa; Piet Cillié; ties of kinship; W.F. de Gaay Fortman.